Sondag 23 Augustus
Skrifgedeelte: Romeine 8:18-30
Fokusgedeelte: Romeine 8:23-25 (AFR2020)

## Hoop, die brug tussen ons stukkende wêreld en dié van die toekoms

’n Betonbrug kan bo vloedwaters uittoring, maar het geen nut as die aanlope deur die vloedwaters meegesleur is nie. ’n Ander brug bied ’n veilige oorgang selfs terwyl storms tier. Ons hoop is ’n figuurlike brug wat vas en seker staan.

Storms, vloede, droogtes, peste, plae, siekte en dood is deel van ons wêreld. God het sy hele skepping ná die sondeval daaraan onderwerp (Rom. 8:20). Die skepping sug daaroor. Gelowiges in Christus sug saam met die res van die skepping oor alles wat stukkend is (Rom. 8:23).

’n Vrou in kraam se sug oor die pyn is tegelyk die uitsien na die geboorte van haar kind. Só, sê die apostel, ervaar die hele skepping die pyne van verwagting van die geboorte van God se beloofde nuwe wêreld. Die apostel beskryf dit as *’n vurige verlange dat die kinders van God openlik bekendgemaak sal word* (Rom. 8:19).

Dit sal gebeur wanneer die Here Jesus Christus weer kom. Die hele skepping wag op die dag van Christus se wederkoms. Die gelowiges en die hele skepping se vooruitsig is om in die heerlikheid van God te mag deel.

*Ons is … verlos in hoop* (Rom. 8:24). Hoop oorbrug die kloof tussen die wêreld van hier en nou, die nuwe wêreld wat God aan ons en sy hele skepping beloof het. Hoop is die onwrikbare vertroue van God se kinders dat die Here sal woord hou, dat Hy die verlossing wat Hy deur sy Seun begin het, sal deurvoer tot ’n volmaakte nuwe wêreld. Ons wag geduldig dat God se tyd daarvoor aanbreek.

Anders as aardse brûe is ons hoop onvernietigbaar, onaantasbaar, gebou op die feit dat die Here God is, dat Hy doen wat Hy sê; dat Hy getrou op sy tyd sy beloftes nakom.

*Sing: Skrifberyming 18-7:1, 12 (45)*
*Ds. JH (Johan) Jordaan (Emeritus)*